

24 Mei

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 11:16-33

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:12,13,25

Bid vir ons (1)

Oor predikante word soms fel geskinder: A preek goed, maar doen nooit huisbesoek nie; B se prekie is flouerig, maar hy is 'n puik organiseerder; C kan so mooi bid, maar is 'n patetiese voorsitter. Selde hoor jy egter dat lidmate vir hul predikant(e) bid.

In amper al sy briewe vra Paulus die gemeentes om voortdurend vir hom en sy medewerkers te bid. (Vergelyk Rom 15:30; 2 Kor 1:11; Ef 6:18,19; Fil 1:19; Kol 1:19; 1 Tess 5:25; 2 Tess 3:1.) Waarom sou die grootste apostel van alle tye so dikwels om lidmate se voorbidding vra? Daar is ten minste twee belangrike redes. Ons dink vandag na oor die eerste en DV môre oor die tweede.

Eerste rede: *Die aard van 'n evangeliedienaar se werk*

Hoewel gespot word dat predikante net op Sondag werk, en dan net twee uur lank, is ons werk meestal moeisaam, eensaam en soms ondankbaar. In 2 Kor 11 beskryf Paulus enkele kenmerke van sy roeping as heidenapostel:

- *Daar was die vyandskap van die Jode* (2 Kor 11:22-25). Baie verklaarders meen juis dit was sy "doring in die vlees" (2 Kor 12:7)!
- *Daar was die gevare van wêreldreise* (2 Kor 11:26-27). Te voet en per seilskepies het hy dorpe en stede aangedoen waar niemand hom verwelkom het nie. Dikwels was hy sonder kos en skuiling en geld.
- *Daar was sy daaglikse besorgdheid oor al die gemeentes* (2 Kor 11:28-29). Hy skryf: "As iemand swak is, voel ek asof ek self ook swak is; as iemand in sonde val, voel dit asof ek ook deur vuur gaan."

Teen hierdie agtergrond vra hy die gemeentes (1 Tess 5:25): "Broers, bid ook vir ons."

Sing: Psalm 119:25,28 Ds J Botha (Laeveld)